# HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK

## ALUMNI NUUSBROKKIES

Helena le Roux ☎ +27 (0)82 461 9753 ✉ jvralumni@gmail.com

**2022/1 : April**

**In hierdie uitgawe:**


1. Welkom en totsiens 2
2. Matriekuitslae 2021 4
3. Oudleerders in die nuus 5
4. Reünies 9
5. Alumni betrokkenheid 12
6. Bewaring *Jan van Riebeecker, Onze Jan* en foto's 15
7. Gesellighede en saamkuier 16

# WELKOM EN TOTSIENS

**Nuwe komiteelede**
Die volgende komiteelede is tydens die eerste komitee vergadering op 25 Maart 2022 verkies in die posisies: Rian Maartens (1982, Voorsitter), Johan van der Merwe (1989, Tesourier), Helena le Roux (sekretaresse), Arno Meyer (1982), Louis Boshoff (1990), Jannie de Ridder (1997), Karen Fourie (1989), Dylan Keyser (2020), Merwe Scholtz (1995 Nico Smit (1995) en Anton van der Westhuizen (1982)). Sarel Boshoff (1991) het teruggestaan as komiteelid en is nou ‘n geko-öpteerde lid.
Ek vertrou u het almal Rian Maartens se e-pos nuusbrief van 1 April ontvang. Sien kopie hier. Dit sluit in die notule van die AJV, die skoolhoof, mnr. Pieter Rademeyer, se insette oor skoolgebeure in kwartaal 1 en ’n uitnodiging oor die nuwe *Trots JvR Alumni-inisiatief.*

Graag wil ons ook vir Arno Meyer, wie die afgelope aantal jare voorsitter van ons vereniging was, bedank vir sy belangstelling, lojale ondersteuning en betrokkenheid by al die skool-en alumni-aktiwiteite. Elize Binge wat nie weer verkiesbaar is nie, se ondersteuning en insette veral ten op sigte van die databasis, Facebook en nuusbrokkies sal baie gemis word.

**Nuwe personeellede**

Sewe nuwe personeellede het aan die begin van 2022 by skool aangesluit. Ons sien baie uit na u elkeen se besondere bydrae. Dit is veral spesiaal dat twee oudleerders en ‘n kleindogter van ’n voormalige skoolhoof onder hulle tel.



*Vlnr: Mnr. Renier Claassen (Engels), mee. Linda van der Walt (Engels), Erna du Toit (Wiskunde), Liesl Harvey (IGO & Tegnologie), mnr. Jacques van der Westhuizen (matriek 2020, sportorganiseerder), me. Ella van Rensburg (Kleindogter van mnr. A.G. van Rensburg, Afrikaans & Engels) en mnr. Wilbur Kastoor (matriek 2012, Wiskunde & Wiskundige Geletterdheid).*

## Totsiens

Ons neem met groot waardering vir hul jarelange onbaatsugtige diens afskeid van mee. Astrid Mauermann en Jeanne Potgieter (matriek 1973). Me Mauermann was vanaf 1992 verbonde aan HSJvR en me. Potgieter vanaf 2002. Oudergewoonte het dié knap leerkragte verlede jaar weer gesorg vir 77% klasgemiddeldes vir sowel Engels Huis- as Eerste Addisionele Taal.

Ons sal hul kundigheid, onberispelike werksetiek en liefde vir hul vak mis. Nie net het hul toewyding respek by leerlinge en kollegas afgedwing nie, maar was hul ook navolgingswaardige rolmodelle en opvoeders in die ware sin van die woord.

Talle oudleerders kan vandag voor enige gehoor opstaan en met selfvertroue ’n toepraak lewer met taal-en kommunikasie-vaardighede wat hul by dié twee dames in hul klasse en by debatsverenigings geleer het. Ons gaan hul gewelidg baie mis!





Me. Mauermann (links) en me. Potgieter (regs by die foto van haar oupa, mnr. J.J. Jordaan, eerste skoolhoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck).

# MATRIEKUITSLAE 2021

Hartlike gelukwense aan die klas van 2021 met hul indrukwekkende matriekuitslae:

- 4 kandidate behaal 7 A's
- 7 kandidate behaal 6 A's
- 31% van die groep behaal meer as 3 A’s elk
- 158 vakonderskeidings
- 3 kandidate behaal gemiddeldes bo 90%
- 20,45% van die groep behaal gemiddeldes bo 80%
- 45% van die groep behaal gemiddeldes bo 70%
- 81% van die groep slaag met universiteitstoelating




Vier kandidate is deur die WKOD se Metro-Sentraaldistrik vereer vir hul uitsonderlike akademiese prestasies:

- Sophia Pienaar: beste presteerder in AfrikaansHuistaal en Engels Eerste Addisionele Taal
- Shiloh Nikiforos: beste presteerder in Gasvryheidstudies
- Loki de Pontes: beste presteerder in Toerisme
- Werner Voges: beste presteerder in Lewensoriëntering.

# OUDLEERDERS IN DIE NUUS

**Dennis van der Meer  (matriek 1950)**




In 2021 is Dennis van der Meer postuum in die Internasionale Tennis Heldesaal opgeneem, waar hy beskryf word as "the teacher of all teachers". (Klik op die skakel na die heldesaal se webblad: https://www.tennisfame.com/hall-of-famers/inductees/dennis-van-der-meer

Dennis is in die destydse Suidwes-Afrika gebore as Dennis Douglas van der Merwe, die seun van 'n sendeling. Die gesin verhuis later na Kaapstad en vestig hulle in Lansdowne.

Aan die Hoërkool Jan van Riebeeck speel Dennis van 1946, toe die skool se eerste tennisbane ingewy is, tot 1950 in die skoolspan. In hierdie tydperk het die eerste seunspan slegs een nederlaag gely, terwyl die tweede seunspan onoorwonne was. In 1950 vorm Dennis saam met mede-Jan van Riebeeckers, Heinz Stelzner (later 'n onderwyser aan Jan van Riebeeck) en Miemie Bredenkamp eers amper die hele WP-junior- en later ook seniorspan.

As 19-jarige het Dennis onsuksesvol aan die Suid-Afrikaanse Davisbeker-proewe deelgeneem en toe besluit om op afrigting te fokus. Hy begin sy suksesvolle afrigtingsloopbaan in die Johannesburg-omgewing, maar in 1961 emigreer hy na die Verenigde State waar hy hom aanvanklik in Kalifornië vestig en sy van na Van der Meer verander.




In die vroeë 1970's verhuis hy na Suid-Carolina, koop eiendom op Hilton Head Island en stig eers 'n tennisakademie en in 1973 die Van Der Meer Tenniskollege. Hy rig talle spelers, van junior- tot professionele vlak af en staan o.a. beide Margaret Court en Billy Jean King by tydens die sogenaamde "Battle of the Sexes"-wedstryde teen Bobby Riggs en help die Suid-Afrikaanse Amanda Coetzer om die derde plek op die wêreldranglys te behaal.


Dennis het 'n reeks handboeke en handleidings oor tennisafrigting geskryf, 'n groot aantal video's vervaardig om tegnieke te illustreer en ook tennisafrigtingsessies op Amerikaanse televisie aangebied.


**Marié Heese (nèe Blignault, matriek 1959),** erepenninghouer van Hoërskool Jan van Riebeeck, ontvang in 2010 die Statebonds-Skrywersprys vir beste boek in die Afrikagebied, vir *The Double Crown,* asook 'n sitaat van Solidariteit Helpende Hand in 2011 vir haar bydrae tot Afrikaanse literatuur, veral kinderboeke.



Haar jongste roman, *Die Troebadoer*, verskyn in 2021. Hieroor sê sy in 'n onderhoud met Amanda Botha: "Toe ons verneem van die algehele inperking wat op hande was, het ek besluit ek moet skryf, want anders gaan ek gek word. Die troebadoer het toe in my kop ingestap, met verflenterde hond en al. Ek het begin skryf op dag een van die eerste inperking, 26 Maart 2020".

Lees gerus Amanda Botha (matriek 1960) se onderhoud met Marié op https://www.litnet.co.za/die-troebadoer-n-vertelling-n-onderhoud-met-marie-heese/




Radioluisternaars kon ook die afgelope maande luister hoe Susan Beyers, *Die Uurwerk Kantel* op RSG voorlees. Die boek was 'n voorgeskrewe boek vir baie oudleerders en al is dit in 1976 uitgegee, het dit nog niks van sy gewildheid verloor nie

**Beyers Truter (matriek 1972)** is in Februarie 2021 tydens die wynbedryf se 10de jaarlikse Wynoesherdenkingsgeleentheid vereer met die ikoniese *1659-toekenning vir Visionêre Leierskap*.



Die doel van die geleentheid is om die wynbedryf se ontstaan 362 jaar gelede te vier en om rolspelers te vereer.

Die geleentheid is virtueel vanaf die Groot Constantia-wynlandgoed, aangebied met Jean Naude (matriek 1979), uitvoerende hoof van Groot Constantia, as seremoniemeester. Hierdie erepenning word reeds sedert 1974 toegeken aan persone wat diep spore in die wynbedryf getrap het. Wat die toekenning nog meer spesiaal maak, is dat Beyers die derde Jan van Riebeecker is om dié toekenning te ontvang. Hy volg in die voetspore van Lourens Jonker (matriek 1956) en Danie de Wet (matriek 1968).

**Johan Stemmet (matriek 1969)**, wat 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword het weens sy rol as skepper, vervaardiger en voormalige aanbieder van die musiekspeletjieprogram *Noot vir Noot,* is in Desember 2020 by die sewende Afri-Duetfees in Centurion deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK) vereer vir sy lewensbydrae tot Afrikaans.




**JK Basson (matriek 1987)** 'n suiwelboer van die plaas Swartwater by Darling aan die Weskus, is gedurende November 2021 vir die derde keer aangewys as SA Meestersuiwelboer Van Die Jaar.




**Gerhard Joubert (matriek 2019)** het gedurende Februarie 2022 'n solo-klavieruitvoering ten bate van die Baxter-teaterfondsinsameling gelewer. Gerhard, tans 'n derdejaar-musiekstudent van professor Francois du Toit aan die Universiteit van Kaapstad het in 2021 verskeie toekennings ontvang, o.a. Wenner van die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie, die Laura Searle-prys vir Klavierkonsertspel en die eerste prys en 'n spesiale toekennings by die Nasionale Jeugmusiek kompetisie vir sy uitvoering van Liszt se eerste klavierkonsert saam met die Kaapstadse Filharmoniese Orkes.

.



**Gawie en Gwen Fagan**

Die Vriende van Welgemeend het op 17 September 2021 'n "high tea" aanbied ter viering van Gawie (15.11.1925 – 13.9.2020) en Gwen (25.9.1924 -) se lewens en hul blywende en waardevolle bydrae as bewaarders en beskermers van ons argitektoniese erfenis, asook hul jarelange verbintenis met en toewyding aan die Hoërskool Jan van Riebeeck.

**Dr. Gawie Fagan (matriek 1942)** was vir meer as vyftig jaar 'n internasionaalgerespekteerde argitek. Hy en sy eggenote, dr. Gwen Fagan, was ten nouste betrokke by die restourasie en onderhoud van die Welgemeend-herehuis, die historiese grensmuur teen Kampstraat en die uitleg van Welgemeend se historiese tuin.

'n Replika van 'n tipiese 18de eeuse Kaaps-Hollandse stoep-bank is vir die Welgemeendstoep laat maak om die Fagans se bydrae te gedenk. Dr. Gwen Fagan, vergesel van haar kinders, Henry (soos sy pa 'n oudleerder en internasionaalgevierde ingenieur) en Helena het die viering bygewoon.

Naastenby veertig gaste, waaronder baie oudleerlinge, het die funksie bygewoon wat terselfdertyd die afsluitingsgeleentheid van die Maand van Kuns was.

Me. Amanda Botha het in haar huldeblyk gesê dat die "toegewyde en onselfsugtige lewensbydrae van die Fagans aan die Hoërskool Jan van Riebeeck as baken van groot waarde sal staan". *Amanda Botha matriek 1960*



*Dr Gwen Fagan tydens haar toespraak*

# REÜNIES

**Matrieks 1961**

Na 60 jaar het die 1961 matrieks weer op 5 November 2021 kom kuier. Sommige met twee loopstokke ander met een, maar loop het hul gelóóp op al die ou paaie. Dankie vir die groep se omarming van die skool en hul vermoë om dié van ons wat daagliks hier is, die skool deur hul positiewe oë te laat sien. Watter voorreg vir die leerders om die groep se stories, wyshede en raad aan te hoor. Charel Bruwer het die leerders met die boodskap gelaat: "*Sukses is nooit finaal en mislukkings nooit fataal nie.*"

Baie dankie aan Erica Klocke neé Endler vir die vreude en entoesiasme waarmee sy die reëlings aangepak het. Dankie ook aan Monika Sandri neé Pepler wat hul pragtige plaas die Saterdag beskikbaar gestel het vir die groep om verder te kuier.








## Jan sou 'n knertsie hierop geniet het

**Lynette Veldtman, Welgelegen**
Nostalgie is voorwaar 'n kosbare emosie. As leerlinge van die klas van 1961 se matrieks van die Hoërskool Jan van Riebeeck het ons die voorreg gehad om vanjaar ons 60ste reünie by ons geliefde skool te vier.

Die weersiens was heuglik en ons kon met trots weer die gange, klaskamers, vooruitgang op alle gebiede, asook die eerbiedige leerlinge van vandag, ervaar en waardeer. Lof aan die skoolhoof, personeel en leerlinge wat die skool se naam met waardigheid en ou tradisies, asook hedendaagse waardes, eer.

Oom Jan en tannie Maria sou van blydskap gejuig het as hulle vandag by die Kaapse Waterfront sou kon vasmeer en 'n knertsie kon drink op hul naamgenoot en ons mooi skool!

*Brief van Lynette Veldtman (neé Botha) in Die Burger geplaas*

**Matrieks 1981**

Dit was vir ons 'n voorreg om die 40 jaar-reünie op Jan van Riebeeck se sportterrein te vier. Aangesien gure weer voorspel is, was die saal met sy balkon en uitsig op die sportgronde en Tafelberg vir ons'n wonderlike oplossing. Dankie aan Helena le Roux (Sekretaresse, JvR-Argiefen oudleerlingskakeling) vir die voorsiening van braaidromme en uitstalling van skoolfoto's - wat 'n herinnering! Ons het in 1981 gematrikuleer en het dus ietwat jonger op die foto's verskyn. In ons gedagtes en ons huldeblyk aan die wat nie meer met ons kan wees nie het middag veels te gou verbygegaan. Musiek, lekker kos, grappies en lag, stories van die verlede was aan die orde van die dag. Die opruiming is deur die skool behartig en dus was daar geen moeite vir ons nie. Dankie ook mnr. Pieter Rademeyer (skoolhoof) vir die inloer en opwekkende toespraak. Ons beplan om weer bymekaar te kom, dus sal daar volgende jaar 'n tweede kans wees vir dié wat dit nie kon maak nie. – *Stephan Schach von Wittenau*









**Matriek 2001**

Op Saterdag 13 November het 30 lede van die 2001 matriekgroep hul 20 jaar-reünie by die skool gevier. Na die herontmoeting, 'n toer deur dieskool en 'n besoek aan die argief, het ons na klaskamer 203 beweeg. Hier het mnr Johan Traut, ons oud-onderwyser van 2001 ons ingewag en ons laat skaterlag met vertellings van insidente uit ons skooljare. Op ons beurt kon ons staaltjies byvoeg oor mnr. Traut se unieke en kleurvolle taalgebruik, veral tydens atletiekafrigting. Die les is afgesluit metdie lees van 'n opstel deur Teneille Smith wat mnr. Traut al die jare gehou as aandenking gehou het. Mnr Rademeyer het hom ook aan die jolige groep kom voorstel. Esri Marias neé Pieterse en jou span het gesorg vir ʼn onvergeetlike dag van lag en huil en terugloop op die herinneringe van die afgelope twintig jaar.

Fran de Villiers het ʻn pragtige brief oor dié spesiale dag geskryf klik om oop te maak [Fran de Villiers terugvoering Klas van 2001 -20 jaar reünie 2022 .pdf]









**Ons berig in die volgende uitgawe oor die reünies van 2022.**

# ALUMNI BETROKKENHEID

**JvR Alumni en die skool**

**Paul Gorries**, en sy assistent het 'n atletiekkliniek by HJvR aangebied. Min leerders het geweet dat Paul in 1995 en 1996 op dieselfde baan saammet sy Jan van Riebeeck-klasmaats geoefen en rekords opgestel het. Dit was lekker om weer met hom te gesels en te herinner dat sy o/15 rekord vir die 200m (23.60 sekondes) en die 400m (55.60 sekondes) tydens die 1996-kleuresportdag steends staan. Paul was heel verbaas oor sy goeie tye op die grasbaan.



Paul is tans Atletiek SA se hoofafrigter vir naellope en aflos en Tuks Sport High School se hoofnaelloop-afrigter. Sy prestasies sluit in: goue medaljes in die 200m, 4x100m en 4x400m by die 1999 Afrika Juniorkampioenskap en die 200m by die Wêreld Junior Kampioenskap in 2000.



**Eben Beukes (matriek 2016)** het Jan van Riebeeckers tydens die VisueleKunste-vakdag die geleentheid gebied om sy talent en vernuf eerstehands te ervaar. Eben is deesdae 'n professionele kunstenaar wat spesialiseer in hiperrealisme. Alhoewel hy geen kunsonderrig opskool ontvang het nie, word sy werk in gesogte kunsgalerye uitgestal.

Eben se werk kan by die ART@AFRICA-galery in die V&A Waterfront se Clocktowergebou besigtig word.

**Elsabé Daneel (matriek 1973)** het met die Jan van Riebeeckers gesels oor effektiewe kommunikasie en nuttige wenke gegee om jou in énige situasie deur middel van behoorlike kommunikasie te laat geld.



Ons sluit ook 'n paar kuiers in 2021 in aangesien daar geen nuusbrief verskyn het nie en nie almal op Facebook of Instagram is nie.



**Emil van der Walt** en **Gerhard Joubert (matrieks van 2019)** het 'n Wiskunde opleidingsessie vir die Jan van Riebeeckers kom aanbied om hul beter voor te berei vir die Universiteit van Kaapstad-Wiskundekompetisie.

'n Redakteursforum is gedurende Augustus 2021 aangebied waartydens die *Onze Jan*-redaksie kon luister hoe joernaliste oor die Afrikaanse joernalistiek gesels.

Oudleerder **Susan van Rooyen** het die gesprek gelei en met **Yvonne Beyers** (*Huisgenoot*-redakteur en oudleerder) en Carryn-Ann Nel (*Via* en Media24) gesels. Anna van Rooyen en Mila Fourie (*Onze Jan*-redakteurs) het ook insette gelewer.



*Mila Fourie, Anna van Rooyen, Carryn-Ann Nel, Yvonne Beyers en Susan van Rooyen*

**Luna Paige (matriek 1997)** liedjieskrywer en musikant, het in Augustus 2021 met die gr.10's gesels oor die waarde van letterkunde en die wonderlike medium waarin jy jouself kan uitdruk.



*Luna Paige*



*Rian Truter (regs) en die skoolhoof, mnr. Rademeyer*

Dit was heerlik om 'n groot onderwysgees en motiveringspreker, **Rian Truter**, by ons saalbyeenkoms te verwelkom. **Rian** (**matriek 1970**, JvR-onderwyser en koshuisvader 1983 – 1989) was later vir 17½ jaar skoolhoof by Hoërskool DF Malan.

Rian het inspirasies met die Jan van Riebeeckers gedeel en hul met interessante staaltjies aangemoedig om tot diens van ander te wees. Dankie Rian!



*Adriaan Marais, Karen Fourie, Arno Meyer en Beyers Truter*

Die Welgemeend Kunsmaand het gedurende Augustus 2021 plaasgevind. **Beyers Truter** het Kunsmaand, met 'n voorloper van kuns, kos, en musiek afgeskop. Heerlike disse is gepaar met sewe verskillende wyne uit die Beyerskloof-kelder. Musiek en goeie geselskap het almal vir 'n tydjie laat terugkeer na "normaal"

Baie dankie vir die besonderse aand.

# BEWARING, *JAN VAN RIEBEECKER*, *ONZE JAN* EN FOTO'S

Een van die take van die JvR Alumni-vereniging is om u op hoogte te hou van nuus oor die Alumni, sowel as die skool en om die geskiedenis van die skool te help bewaar.

Ons is dus verheug dat die skool genoeg borge kon bekom om Die *Jan van Riebeecker Jaarboek 2021* in harde kopie sowel as digitaal uit te gee. Gedrukte uitgawes van *Die Jan van Riebeecker* en *Onze Jan* is van onskatbare ware as naslaanbronne vir die toekoms en die bewaring van die skool se geskiedenis. Die eerste uitgawe van die *Onze Jan* het in 1983 verskyn. Na 39 jaar is die eerste redakteur, Herman Lategan steeds betrokke as borg. Gedrukte weergawes is egter net moontlik indien borgskappe verkry word. Ons sal dit dus opreg waardeer as u dalk namens uself, u jaargroep, 'n oorlede klasmaat of u besigheid bladsye kan borg wanneer die skool weer so 'n versoek rig.

Klik gerus op die skakel vir *Die Jan van Riebeecker Jaarboek 2021*: https://bit.ly/3oT82O0 en vir die die jongste uitgawe, Maart 2022 van *Onze Jan* in PDF-formaat: hier

Vir die voortbestaan van die *Onze Jan* en om gedrukte kopieë te verseker, benodig ons befondsing. Indien u dit oorweeg om een of meer bladsye of advertensies te plaas, klik asb. OnzeJanAdvertensies_2022.pdf kontak gerus vir karien.zulch@janvanriebeeck.co.za indien u meer besonderhede verlang.

Die bewaring van die skool se foto's, soos deur mnr. C. Boshoff geïnisieer, is ook baie belangrik, maar ongelukkig het van die foto's wat uitgestal word, sonskade opgedoen. Louis Boshoff (matriek 1990) het reeds sewe van die foto's se restourasie geborg en sodoende sy pa se nalatenskap te behou. Die 1987 Matriekklas het ook 'n skenking gemaak om hul jaar se foto's te laat herstel. Sien hieronder die gerestoureerde foto's, "before" en "after" soos deur Louis geborg. Verdere donasies vir die projek sal waardeer word. Dankie aan Louis en die 1987 matrieks.






# GESELLIGHEDE EN SAAMKUIER

**Alumni- Wynproe**

Ons  eerste Alumni-wynskou was ‘n reusesukses. Daarvoor is ons baie dank verskuldig aan die volgende landgoede wat almal ‘n verbintenis met die Hoërskool Jan van Riebeeck het.:  Simonsig, Paul Clüver, Beyerskloof, Dewetshof, Avontuur, VanLoveren, Groot Constantia, Zorgvliet, Blaauwklippen, sowel as DeQueekvalleijolyfolie van Prins Albert. Ons maak vanjaar in Oktober weer so.




















*Kara Meiring en Daniela Marais (matriek 2013)*



*Die 2003 klas: Vlnr Margit Mihalik, Freddie Taljaard, Elize Binge nèe Le Roux, Laurie Binge, Mareli Furter en Susan Smit*



*Vlnr. Paul (matriek 1959), Liesl (matriek 1991), Songvei Clüver en Libby*



*Katinka Schumann (matriek 1986), Theunis Bester (matriek 1978) en Beyers Truter (matriek 1972)*

**Sportdag**

Die JvR-familie was geëerd om mnr. Stelzner (matriek1949) by die Alumni sportdag vir ouers en leerders te verwelkom. Hy het die veertiger jare verteenwoordig asook ook sommer al die alumni wat in sy jare as onderwyser by JvR, in sy klas was. Hy het tereg opgemerk: "E*k kon by die huis gesit en deur my ou albums, jaarboeke en koerantberigte geblaai het, of ek kon na die veld kom (met 'n taxi*) en *steeds deel van HJvR se geskiedenis bly.* " Dankie aan almal wat betrokke was by die reëlings, die graad elf-ouers in die snoepie, die noodhulpspan, personeel, leerders, ouers en Alumni. Mag die tradisie voortleef en meer Alumni in 2022 die dag (hopelik sonder Covid-beperkings) bywoon.







*Arno Meyer (matriek 1982), Dylan Keyser (matriek 2020), mnr. Pieter Rademeyer en Heinz Stelzner (matriek 1949)*

**Swemathon**

Vrydag 3 Desember was “swem, Jannie, swem”-dag. Dankie **Arno Meyer** (matriek 1982) wat die gemiddelde  Alumni-deelname met sy 52 lengtes verhoog het. 'n Groot dankie aan die matrieks van 2019, **Eugene, Guilanne, Sabah, Ingo, Chané en Kristi**, wat óf geswem óf onderdersteuning gebied het. Dit is 'n wonderlike inisiatief wat deur Karien Zulch, JvR Fondsbevorderaar, gereël is vir die opgradering van die sportfasiliteite.
Begin solank oefen vir 2022!





